

# PAARL-SKOOL — NUUSBRIEF 4/2023

# PAARL SCHOOL — NEWSLETTER 4/2023

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Geagte Ouers / Voogde

En so kom ons aan die einde van 2023! Dis tyd om te groet. Vir die meeste van ons is dit net ‘n groet om na ‘n blaaskans van amper 5 weke mekaar weer te sien. Maar daar is egter diegene wat Paarl-skool verlaat omdat dit nou hul tyd is - ons Werkvoorbereiding 5- en graad 9-leerders. Ons wil hulle met die Chinese slagspreuk *“Learning is a treasure that will follow its owner everywhere”* groet. Ek glo dat hulle dit wat hulle in Paarl-skool geleer het, vir altyd sal koester en daarop sal voortbou ongeag wat die toekoms vir hulle inhou. Ons beste wense vergesel hierdie kosbare “pêrels” van ons.

Drie gesoute personeellede tree einde van die jaar af. Alhoewel dit ‘n groot verlies vir Paarl-skool is, gun ons vir hulle ‘n rustige en geseënde aftrede. Tannie Loretta Lodewyk, klashulp in die Funksionele Fase is al sedert 2011 by Paarl-skool werksaam. Hierdie lojale en harde werker sal beslis ‘n groot leemte laat. Ons neem ook van Mev. Marietha Ras afskeid na ‘n diens van amper 20 jaar. Alhoewel sy oor die jare in verskeie fases gewerk het, het sy die laaste klompie jare haar passie, kreatiwiteit en liefde vir ons kinders in die Funksionele Fase as afdelingshoof uitgeleef. Laastens groet ons Mev. Diane Ingram na ongeveer 36 jaar by Paarl-skool. Sy sal op verskeie gebiede by Paarl-skool gemis word, maar veral vir haar kennis van spesiale onderwys, die optooi van menigte funksies met haar fyn oog vir detail en kreatiwiteit, en as departementshoof van die Intermediêre Fase.

Ons groet ook vir Mev. Elsabé Kruger wat ‘n oorplasing na die Noord-Kaap, spesifiek Kleinzee, gekry het. Sy was vanaf 2014 ‘n onderwyseres in die Senior Fase. Ons is dankbaar vir haar regskennis wat sy met Paarl-skool kon deel en dat ons altyd op haar kon staatmaak. Ons wens vir haar alle sterkte en voorspoed toe met die nuwe avontuur.

Die afgelope jaar het heelwat hoogtepunte gehad: ‘n suksesvolle konsert, deelname aan ‘n nasionale koor-eisteddfod, ander suksesvolle individuele eisteddfod-optredes, sportprestasies in OLSOB - sowel as parasport en selfs kollegas wat op nasionale en internasionale vlak presteer en opgetree het.  is trots op elke leerder en personeellid wat bygedra het tot ‘n suksesvolle 2023.

Ons is ook dankbaar vir ons ouers, donateurs, die gemeenskap, ons Beheerliggaam en Paarl-skool Ontwikkelingstigting se ondersteuning die afgelope jaar, hetsy dit in die vorm van voorbidding, ondersteuning van funksies, borgskappe of ‘n finansiële bydrae was. In besonder wil ons vir die PSOS bedank vir die skenking van ‘n nuwe rolstoelbus wat nou op die Stellenbosch-roete gebruik word.






Ten slotte: dit is nou tyd vir ons leerders en personeel om te “sharpen the saw” sodat ons 2024 met nuwe energie kan aanpak. Geniet kwaliteit tyd saam met jul kinders gedurende die vakansie!

> Sharpen the Saw means preserving and enhancing the greatest asset you have - you.
> -Stephen R Covey-

Mag u hierdie Kersfees God se onbeskryflike liefde, seën en genade in oorvloed ervaar.

Kersfees-groete
Annaline Norman



Savoya du Toit



Dominic Windvogel

# Hoofleiers

## VIERDE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

## Waarde
**van die kwartaal**




**moed:** s.nw

/'mut/

dapperheid tydens 'n moeilike of gevaarlike situasie; vir iets kans sien en nie bang wees nie; onverskrokkenheid

# Prefekte 2024

Die prefekte van 2024 is met groot opwinding tydens die Prestige-aand aangekondig. Baie geluk aan die volgende leerders: Tiffany Cedras, Adriaan Nel, Marieta Kotzé, Danika van Nieuwenhuizen, Jayde Hoff, Andie Gumindoga, Dale Lakay, Joshua Mendes, Chase Winshaw en Corbin Mitchley. Ons glo julle gaan ons baie trots maak.



# Landsdiens

Ons Landsdiens het 'n opwindende jaar gehad met kampe, kersmarkte, uitstappies en vele meer. Hierdie kwartaal het die hoërskool Landsdienslede hul laaste kamp op Kopbeenskloof geniet. Ons leerders het die jaar nuwe maats gemaak en sien uit om hulle op elke kamp te sien. Ons het ook ons eerste leerder (Tiago De Oliveira) wat die Wes-Kaap gaan verteenwoordig by die Landsdiens Nasionaal wat in Desember in Mpumalanga gehou gaan word.



Wêreld Onderwysersdag word in September gevier. Hierdie jaar het die prefekte hul waardering aan onderwysers en terapeute betoon deur hulle tydens 'n pouse met tuisgemaakte eetgoed te bederf.

# Onderwysersdag












# Prestige-aand

Paarl-skool het op 2 November die jaarlikse Prestige-aand aangebied. Ouers en eregaste het hierdie spesiale geleentheid bygewoon. Dit was 'n wonderlike aand waar ons leerders erkenning ontvang het vir hulle prestasies op akademiese, sport-, kulturele en leierskapsgebied. Sommige leerders het ook spesiale toekennings en trofeë ontvang vir hul uitstekende karaktereienskappe en waardes. Paarl-skool is saam met ons ouers baie trots op ons leerders.






## Skoolhooftoekenning



# Strategiese beplanning

**Visie**


Ons bestaansdoel is om die leerders by Paarl-skool se potensiaal ten volle te ontwikkel en as bronnesentrum ook die wyer gemeenskap van leerders met spesiale onderwysbehoeftes, te dien.

**Missie**

Ons volg 'n multidissiplinêre spanbenadering en verskaf as bronnesentrum ondersteuning en opleidingsgeleenthede aan die gemeenskap.

Paarl-skool se bestuurspan het Vrydag 27 Oktober strategiese beplanning gehou. Op die pragtige Goede Hoop Wynlandgoed kon ons saam dink, ontleed en beplan aan 'n toekoms waar ons getrou bly aan die visie, missie en waardes van Paarl-skool. Daar was ook goeie samesyn en tyd om mekaar beter te leer ken. Ons het as bestuurspan afskeid geneem van Diane Ingram (Intermediêre Fase) en Marietha Ras (Funksionele Fase) wat na baie jare op die bestuurspan aan die einde van 2023 aftree. 'n Suksesvolle dag is afgesluit met 'n heerlike ete op die stoep met die mooiste uitsig.







# Sport

## Para-Tafeltennis




Baie geluk aan Reinet Barnard (fisioterapeut) wat aangewys is as Sportadministrateur van die jaar by die Wes-Kaap Provinsiale Sporttoekenningsfunksie. Paarl-skool is trots op jou!







Lyn-Neigh Spagenberg het vanaf 27-30 September 2023 aan die SATTB Nasionale Kampioenskappe wat gehou is in Bellville, deelgeneem. Sy het 'n bronsmedalje in haar enkelklaskategorie TT6-10 ontvang. Welgedaan, Lyn-Neigh! Me. Anthea Norman het die kampioenskappe as klassifiseerder bygewoon.

# Kultuur

## Courage Eisteddfod

Die "Courage Eisteddfod" skep 'n platform vir leerders met spesiale behoeftes om op te tree en deel te neem en hul volle potensiaal te bereik ten spyte van hulle leerhindernisse en/of gestremdhede. Ons leerders het deelgeneem in verskillende kategorieë: sang, voordrag, "poetry", visuele kunste, kunsvlyt, dans en "beat box & rap". Ons is baie trots op elke leerder.









Baie geluk aan die volgende leerders wat as kategorie-wenners gekies is.

**VOORDRAG**
Luan Muller
Zinray Buis

**POETRY**
Kiara Swartz
Seth Brown
Betty Anderson

**BEAT BOX & RAP**
Geraldo Griffiths

**SANG**
Storm Walters
Carla Fieties
Jenay Pietersen

**VISUELE KUNSTE**
Tristen Kruger
Roshé Hammerslag
Armand du Toit
Jame Nel
Storm Walters
Caroline Peckham
Tanica Byne
Ethan Fisher
Shakeena Onverwacht
Laney Senekal

## Kultuur-aand

Paarl-skool het op 7 November die geleentheid gehad om van ons talent ten toon te stel, dankie te sê aan die mense wat ons deur die jaar ondersteun het asook die onderwysers wat ons leerders met passie en entoesiasme afgerig het.














# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Ons het aan die einde gekom van nog ‘n besige jaar in die Voorskoolse Fase. Ons wil die geleentheid gebruik om vir al ons ouers dankie te sê vir hul getroue ondersteuning die afgelope jaar. Saam was ons ‘n gedugte span tot voordeel van elke leerder. Groot was die opgewondenheid toe ons vrugteslaai gemaak het tydens die week toe ons vrugte as tema behandel het. Die leerders kon die smake proe, asook die teksture van die vrugte ervaar. Ons neem ook afskeid van sekere leerders. Ons wens hul net die beste toe vir die toekoms en ons gaan hul verseker baie mis.







## Grondslagfase

Ons as Grondslagfase wil graag ons klashulpe bedank vir alles wat hulle vir die juffrouens en kinders agter die skerms doen. Sonder hulle sou ons nie alles kon doen wat ons elke dag doen nie.



Die Grondslagfase het aan die begin van die vierde kwartaal ons nuwe departementshoof, Elmarie Clusker verwelkom. Sy het vining aangepas en sommer gou deel geword van ons Paarl-skool familie. Ons hoop jy sal altyd gelukkig hier wees.



Ons is baie trots op ons leerders wat so mooi presteer het in hul kuns en sport. Van ons leerders het selfs die voorreg gehad om die Prestige-aand by te woon om hulle sertifikate of trofeë te ontvang.



# Intermediêre Fase

Hierdie jaar was gevul met uitdagings, groei en onvergeetlike oomblikke. Ons is werklik baie trots op elkeen van ons leerders vir hulle harde werk, vasberadenheid en deursettingsvermoë. Toewyding aan hulle studies en ondersteuning vir mekaar het 'n positiewe leeromgewing in die Intermediêre Fase geskep. Geniet die komende vakansie, neem tyd om te rus, herlaai en spandeer gehalte-oomblikke saam met geliefdes. Vier elke prestasie en stel nuwe doelwitte vir die komende jaar. Glo in jou vermoëns en moet nooit die positiewe impak wat jy in die wêreld kan maak, onderskat nie. Baie geluk aan almal met julle prestasies. Julle maak ons trots!







Ons groet Juffrou Diane Ingram na 36 jaar van onderwys, waarvan sy 9 jaar die Departementshoof was in die Intermediêre Fase. Ons eer jou vir die jare van uitstekende diens aan die skool en vier die nalatenskap van harde werk en toewyding wat jy agterlaat. Alhoewel ons jou daaglikse teenwoordigheid sal mis, hoop ons dat hierdie nuwe fase van jou lewe, vir jou die ontspanning en vervulling sal bring wat jy werklik verdien. Mag jou aftrede gevul wees met opwindende avonture, gekoesterde oomblikke en die vreugde om jou passie na te streef.



# Funksionele Fase

Op 'n heerlike sonskyndag het die leerders in die Funksionele Fase Polkadraai-aarbeiplaas besoek. In 'n vrolike luim het almal gretig aarbeie gepluk (en geëet) en selfs later agterop 'n sleepwa die plaas verken. Hierdie spesiale uitstappie was juffrou Marietha se laaste uitstappie voor haar aftrede die einde van die jaar.



Ons groet vir Marietha Ras na 18 jaar by Paarl-skool. Marietha was ook vir 7 jaar fasehoof in die Junior Funksionele Fase. Marietha is 'n briljante en geliefde juffrou en kollega. Dankie, juffrou Marietha, vir jou omgee, deernis en baie jare se harde werk. Mag jy 'n geseënde aftrede van rus en reis hê, saam met jou geliefdes. Ons gaan jou baie mis.

**Ps 121:8 "Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid."**

# Funksionele Fase en Werksvoorbereiding

Die leerders van die Funksionele- en Werksvoorbereidingsfases het op 10 November weer die geleentheid gehad om die vreugde van Kersfees te vier! Tafels is getooi met sterre, liggies, volgepakte borde eetgoed, versierde boksies lekkernye en yskoue koeldrankies. Ons skoolverlaters se gradeplegtingheid was baie besonders. Juffrou Mariska Jordaan het vir elke skoolverlater baie spesiaal laat voel met 'n gepaste boodskap vir elke leerder. Dit was vir die personeel, ouers en leerders 'n hoedervleis-oomblik! Die saamwees, lekker eet en die joligheid van ons Kerspartytjie het die dag vir ons leerders en personeel weereens 'n onvergeetlike ervaring gemaak!






## Senior Fase

Die leerders in die Senior Fase het baie hard gewerk om hierdie kwartaal die akademiese werk af te handel en voor te berei vir die finale toetsreeks. Daar is wel altyd tyd vir iets prettig. Ons het aan die "Bokloop" deelgeneem en Brackenfell groen geverf ter ondersteuning van die Springbokke wat die All Blacks in die Wêreldbekertoernooi geklop het.




Klik vir Bokloop



Die graad 9-leerders het ook aan die einde van hul skoolloopbaan by Paarl-skool gekom. Hulle het hul 40 dae gevier met "enigiets behalwe 'n skooltas"-tema. Hulle was ongelooflik kreatief. Al ooit gehoor van 'n baba-karstoeltjie, piekniekmandjie of Monopoly-boks as 'n skooltas? Gr.9's van 2023, ons gaan julle entoesiasme en energieke gees mis. Sterkte met die res van julle skoolloopbaan.

# Koshuis







Paarl-skool se koshuis vier hul jaarlikse Kersfunksie. Die tema was Kersbome. Daar is soveel spesiale oomblikke van omgee, vriendskap, pret en vrolikheid in die koshuis - voorwaar 'n tweede tuiste vir elke leerder. Wat 'n spesiale geleentheid waar ons die geboorte van Jesus vier en sy liefde met mekaar deel.

# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Baie dankie aan elke enkele donasie, hulp en omgee wat die PSOS gedurende 2023 ontvang het. Weet dat elke bydrae, klein of groot, met liefde en sorg bestuur word en dat dit ongelooflik baie waardeer word. Met die fondse wat ingesamel is, kon die PSOS hierdie jaar ‘n broodnodige nuwe skoolbus met ‘n rolstoel-hystoestel vir Paarl-skool aankoop. Sonder u hulp, sou dit nie moontlik gewees het nie.

### MEMO

### Korporatiewe donasies

Die PSOS is ‘n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

### Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met u **SchoolDays** (Dis-Chem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”! Baie dankie, Schooldays en MySchool vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Klik om te registreer






## Sosiale media


Elfred is 'n nuwe leerder in graad 4. Hy het 'n spesifieke leergestremdheid en "ADHD". Hy is ook die PSOS se sosiale media ambassadeur en sy kaskenades kan op ons **Facebook** en **Instagram** blaaie gevolg word. Help ons asseblief om ons sosiale media blaaie te laat GROEI: "like", "share" en lewer positiewe kommentaar op ons plasings. Hierdie platforms word onder andere gebruik om bewustheid te skep, om interessante Paarl-skool stories en nuusbrokkies te deel, om waardevolle en nuttige inligting oor te dra, om dankie te sê aan ons donateurs en om aanlyn 'n positiewe gemeenskap en verhoudings te bou.

Klik om te volg



## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

## Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**
**ontwikkeling@paarlskool.org.za**
**Elizbè van der Colff:**
**psos@paarlskool.org.za**
021 981 3756
071 972 2967

Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation

## Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

## Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se splinternuwe webwerf!
**https://www.paarlschooldf.com/**

Klik vir webwerf

*Paarl-skool wens u 'n Geseënde Feestyd en Voorspoedige Nuwe Jaar toe! Dankie vir u getroue ondersteuning!*